Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 22 MEI 2019 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Snr Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
GOP/PEO-beampte, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdd M van Zyl op die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskoning is ontvang nie en noem die Uitvoerende Burgemeester dat die Speaker tans in die buiteland is.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 APRIL 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 April 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 APRIL 2019

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 April 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende wysiging:

4.2/...

ITEM 3.1 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE 2018/2019 SPESIALE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING: TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2018/2019)

Die Direkteur: Finansiële Dienste rapporteer dat die 4de aansuiweringsbegroting …
(2) herallokasie van fondse tussen die kapitaal- en bedryfsbegroting m.b.t. fondse ten bedrae van R4 miljoen (i.p.v. R5 miljoen) wat ontvang is vanaf die Departement van Gemeenskapsveiligheid …

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. NUWE SAKE

6.1 AANBEVELING: GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2019 TOT 30 JUNIE 2020 MET IN AG NEMING VAN WYSIGINGS BY VERSKEIE DEPARTEMENTE (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van ’n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die wysigings aan die organisatoriese struktuur voortspruit uit ’n regsopinie ontvang vanaf *Bradley Conradie Halton Cheadle Labour Lawyers* insake die permanensie van kontrakwerkers.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur is tydens ’n Arbeidsforumvergadering gehou op 14 Mei 2019 deur die vakbonde aanvaar vir verdere aanbeveling.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Mei 2019)

(a) Dat die volledige organisatoriese struktuur aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring, met inagneming van die wysigings aan die struktuur met betrekking tot Korporatiewe Dienste, Finansiële Dienste, Beskermingsdienste, Siviele Ingenieursdienste en die Kantoor van die Munisipale Bestuurder met ingang van 1 Julie 2019;

(b) Dat kennis geneem word dat daar nie ‘n werkstudie-ondersoek (*O&M-study*) in hierdie finansiële jaar uitgevoer sal word nie, maar dat oorweging aan ‘n studie verleen sal word gedurende die 2019/2020 finansiële jaar met gepaardgaande befondsing.

6.2 WYSIGING VAN DIE 2017-2022 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Raad se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) moet in terme van artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000) op ’n jaarlikse basis hersien word.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die wysigings aan die hersiende 2017-2022 GOP en versoek dat Hoofstuk 4 aangepas word met die wysigings aan die organisatoriese struktuur soos bespreek onder item 6.1.

Gedurende die publieke deelname proses is daar slegs insette ontvang vanaf die Hoofsweep van die ANC-kantoor – skrywe tot die sakelys aangeheg.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Mei 2019)

(a) Dat die wysiging van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne oorweeg en na die Raad vir goedkeuring verwys word;

6.2/...

(b) Dat kennis geneem word van die ANC se kommentaar en dat daar volstaan word by die reaksie op gemelde kommentaar in Aanhangsel A.

6.3 WYSIGING: SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die Uitvoerende Burgemeester, met verwysing na die omvang van die kommentaar wat ontvang is, noem dat die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) die nodige beleidsriglyne vir ruimtelike ontwikkeling in die munisipale gebied bevat, en nie enige regte skep of wegneem nie.

Die ROR verseker die strewe na geïntegreerde, volhoubare en leefbare omgewings en dat ontwikkeling gebaseer is op die visie en ruimtelike beginsels wat ooreengekom is en die skep van sosio-ekonomiese geleenthede.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Mei 2019)

Dat die Raad die finale konsep van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) vir die totale regsgebied van Swartland ingevolge artikel 7(3) van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017) aanneem, onderhewig aan die volgende:

(a) Die Raad moet binne 14 dae vanaf besluitneming in die media en die Provinsiale Koerant kennis gee van sy besluit;
(b) Daar volstaan word met die kommentaar op die publieke insette soos in die aanhangsel vervat en dat die persone/instansies wat in die publieke deelnameproses kommentaar gelewer het van die Raad se besluit en reaksie in kennis gestel word;
(c) Alle toekomstige ontwikkelingsaansoeke aan die beginsels van die ROR oorweeg en evalueer sal word;
(d) Die aksieplanne jaarliks uit die ROR na die GOP proses vir befondsing verwys word;
(e) Spesiale pogings jaarliks aangewend sal word ten einde uitvoering aan aksieplanne in die ROR te gee.

6.4 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE FINALE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, VERORDERING/E, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2019/2020; 2020/2021 EN 2021/2022 (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)

Die begrotingsdokumente is gefinaliseer na afloop van omvattende sessies met die onderskeie direktorate ten einde doeltreffenheid in direktorate te bevorder. Daar is grotendeels gefokus op koste-effektiewe bestuur van uitgawes om sodende volhoubare dienslewering en waarde vir geld vir belastingbetalers te bied. Dit is verder belangrik dat die begroting met die strategiese doelwitte van die Munisipaliteit belyn word.

Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat die begrotingsdokumente tydens 'n Begrotingsbeheerkomiteevergadering gehou op 16 Mei 2019 behandel is. Die Uitvoerende Burgemeester noem verder dat die elektrisiteitstarief van 13,07% aan verbruikers in beginsel goedgekeur word en dat die goedkeuring vanaf NERSA nog afgewag word.

Die onderstaande aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeester is oorweeg tydens 'n Begrotingsbeheerkomiteevergadering gehou op 16 Mei 2019.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 30 Mei 2019 vir oorweging en goedkeuring)

(a) Dat daar kennis geneem word van die publieke en provinsiale insette wat ontvang is en dat die reaksie en kommentaar ***(Annexure E, Inputs received on Draft Budget)*** daarop as aanbevelings deur die Begrotingsbeheerkomitee en Uitvoerende Burgemeesterskomitee, insoverre dit verband hou met die 2019/20 MTREF Konsep Begroting, aanvaar word;

6.4/...

(b) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19(2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur (e) wie die koste bevestig het soos per ***(Annexure A, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Capital Projects ito Sec 19)***;

(c) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in ***(Annexure B, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Capital Projects ito Sec 19)***, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tariefimplikasies oorweeg;

(d) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Final Budget 2019/2020	Final Budget 2020/2021	Final Budget 2020/2021
External Loans	R 22 631 209	R 27 368 791	R -
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 54 065 363	R 67 024 928	R 83 369 556
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 21 301 000	R 22 285 000	R 23 700 000
Dept. Human Settlements	R 32 480 000	R 31 800 000	R -
Integrated National Electrification Programme	R 5 000 000	R 10 000 000	R 10 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 370 000	R -	R -
RSEP / VPUU	R 4 000 000	R 2 000 000	R -
Community Safety Grant	R 10 000	R 10 000	R 10 000
Fire Service Capacity Building Grant	R -	R 841 000	R -
Energy Efficiency Demand Side Management	R 4 000 000	R 5 000 000	R 6 729 000
GRAND TOTAL	**R 143 857 572**	**R 166 329 719**	**R 123 808 556**

(e) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die twee individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

(f) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per ***(Annexure A, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Final Budget and Tariff File)***;

(g) Dat die finale meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2019/2020 - 2021/20221 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA;

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Aansuiwerings begroting 2018/2019	Finale Begroting 2019/2020	Finale Begroting 2020/2021	Finale Begroting 2021/2022
Kapitaalbegroting	87 245 909	101 860 331	143 857 572	166 329 719	123 808 556
Bedryfsuitgawes	698 278 426	694 597 465	749 828 067	789 665 123	856 817 754
Operating Revenue	746 205 036	765 793 817	830 826 697	902 095 255	936 456 542
Begrote (Surplus)/ Tekort	**(47 926 610)**	**(71 196 352)**	**(80 998 630)**	**(112 430 132)**	**(79 638 788)**
Minus: Kapitaal Toekennings	36 975 000	55 047 114	67 161 000	71 936 000	40 439 000
(Surplus)/ Tekort	**(10 951 610)**	**(16 149 238)**	**(13 837 630)**	**(40 494 132)**	**(39 199 788)**

6.4/...

(h) Dat die Raad in beginsel die opneem van 'n eksterne lening(s) ten bedrae van R50 000 000 goedkeur vir die gedeeltelike finansiering van die Moorreesburg- en Darling Rioolwerke in die meerjarige kapitaalbegroting vir 2019/20 tot 2020/21 finansiële jare, deur die mark te toets soos beoog deur die MFMA artikel 46 vir die versoek van tenders van die finansiële instellings (verwys asseblief na die impak soos vervat in die skedules vir die voorgestelde lening vir doeleindes van publieke advertering en finale goedkeuring in Mei 2019) ***Annexure A, Section 2: 2019/20 – 2021/22 Final Budget and Tariff File***;

(i) Dat in beginsel goedkeuring verleen word aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die mark te toets vir doeleindes om uitvoering te gee aan Artikel 46 van die MFMA ten opsigte van die oopneem van 'n kapitale lening(s) tot 'n bedrag van R50 000 000, per die vereistes van Artikel 46 van die MFMA vir die spesifieke doel om die voormelde rioolwerke gedeeltelik te finansier;

(j) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse vir die 2019/20 finansiële jaar goedkeur as finaal soos onder gelys en in die belastingbeleid:

Property Categories	**Rates**
Residential properties	0,6490
Vacant land	0,8580
Industrial properties	0,8580
Business and commercial properties	0,8580
Agricultural properties (used for agricultural purposes)	0,1623
Agricultural properties used for eco-tourism	0,8580
Agricultural properties used for trading in or hunting of game;	0,8580
Mining properties	0,8580
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	0,8580
Public service infrastructure	0,0000
Properties owned by public benefit organisations: (i) welfare and humanitarian organisations; (ii) cultural organisations; (iii) sporting organisations; (iv) conservation, environmental and animal welfare organisations; (v) healthcare organisations; and (vi) education and development.	0,8580
Properties used for multiple purposes	either 0,8580 or 0,6490 or 0,1623 depending on use
Properties in rural area zoned for business or in respect of which consent uses have been approved in terms of the municipality's zoning scheme regulations	0,8580
Municipal properties	0,0000
Informal settlements, including those on land which are not subdivided into residential ervens	0,6490
Property acquired through the Provision of Land and Assistance Act, 1993 (126 of 1993) or the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act 22 of 1994) or Communal Property Association Act, 1996	Either 0,8580 or 0,6490, depending on use
Conservation areas	0,0000
Protected areas (excluding residential and other properties located therein)	0,0000
National monuments	0,0000
State owned properties	0,8580

6.4/...

(k) Dat die afslag aan gestremde persone en senior burgers soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid beperk word tot 'n maksimum van R300 000 vir die 2020/21 finansiële jaar onderhewig aan ‘n aansoek in die voorgeskrewe formaat soos per die voorskrifte van die Hoof Finansiele Beampte bepaal;

(l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in ***(Annexure A: 2019/20 – 2021/22 Final Budget and Tariff File)*** goedkeur as finaal;

(m) Dat die Raad die elektrisiteitstariewe vir die 2019/2020 finansiële jaar goedkeur as finaal, met inagneming dat dit steeds onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

(n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in ***(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2019/20 – 2021/22)*** goedgekeur word as finaal;

(o) Dat die finale gewysigde begroting en verwante beleide, die gewysigde Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid en Verordening en die gewysigde Eiendomsbelasting Beleid en Verordening soos vervat in ***(Annexure D: Final Budget & Related Policies and By-Laws 2019/20)***, goedgekeur word as finaal;

(p) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot 0,83% van die salarisbegroting ten bedrae van R1 805 366 vir die 2019/20 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;

(q) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **6.5%** vir 2019/2020; **6.25%** vir die 2020/21 en **6%** vir 2021/22 finansiële jare onderskeidelik, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging;

- Ten opsigte van die ander artikel 56-aanstellings (uitgesluit Munisipale Bestuurder, Hoof Finansiele Beampte en Direkteure: Siviele Dienste en Ontwikkelingsdienste) ‘n **6.5%** verhoging met ingang van 1 Julie 2019;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **5%** verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB);

(r) Dat die Raad spesifiek kennis neem van die feit dat bestuur beide die finansiële en diensleweringsimpakte oorweeg het wat die Arbeidsverhoudinge Wet op kontrakaanstellings gehad het en dat die salarisrekening sal verhoog met R4 510 139,84 as gevolg van die wysigings aan die organisasiestruktuur met betrekking tot Korporatiewe Dienste, Finansiële Dienste, Beskermingsdienste en Siviele Ingenieursdienste vir implementering met ingang van 1 Julie 2019 en het gelei tot 'n afname in beplande begrote surplusse oor die MTREF;

(s) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die totale groei in uitgawes van **8%** vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar hoofsaaklik as gevolg van die verwagte hoë verhoging in elektrisiteits bulk aankope en groei in inkomste van slegs **8.5%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per ***(A-schedule: A7 en SA8)*** vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **10.9 maande** vir 2019/2020, **11 maande** vir 2020/2021 en vir 2021/22 is dit **10.7 maande**;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2019/2020 ‘n bedrag van **R 80 998 630**; 2020/202 ‘n bedrag van **R 112 430 132** en 2020/2021 ‘n bedrag van **R 79 638 788 (kapitale toekennings ingesluit)**;

6.4/...

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2019/2020 ‘n bedrag van **R 13 837 630**; 2020/202 ‘n bedrag van **R 40 494 132** en 2020/2021 ‘n bedrag van **R 39 199 788 (kapitale toekennings uitgesluit)**;

(t) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(u) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.3 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

6.5 VASSTELLING VAN KAPITAALONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2019/2020 (15/1/B)

Swartland Munisipaliteit beskik oor vier beleide ingevolge waarvan kapitaal-ontwikkelingsbydraes gehef word en is in proses om ’n eenvormige Kapitaalontwikkeling-heffingsbeleid vir die Swartland op te stel.

Die verslag het dus ten doel om die toepassing van die beleide vir die 2019/2020 jaar te bekragtig, sowel as die oorweging van ’n korting op kapitaalontwikkelingbydraes.

BESLUIT

(a) Die aangehegte kapitaalontwikkelingbydraes vir die 2019/2020 finansiële jaar goedgekeur word:
- Greenfields"-kapitaalontwikkelingbydraes – Malmesbury (Bylae "A");
- "Brownfields"-kapitaalontwikkelingbydraes – Swartland Munisipale Gebied (Bylae "B");
- Kapitaalontwikkelingbydraes – Riebeek Vallei (Bylae "C");
- Ontwikkelingsbydraes vir grootmaatdienste – Yzerfontein (Bylae “D”);

(b) ’n Korting van 40% op genoemde kapitaalontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar toegestaan word, omrede:
- Die korting as ‘n insentief dien om ontwikkeling in die munisipale gebied te ondersteun;
- Tot tyd en wyl ‘n nuwe Beleid insake Kapitaalontwikkelingbydraes geïmplementeer is, die berekening van kapitaalbydraes in terme van bestaande beleide nie ten volle voldoen aan wetgewende voorskrifte nie;

(c) Ontwikkelaars ’n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan met betrekking tot die betaling van kapitaalontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide;

(d) Die bestaande besluit insake die vrystelling van betaling van kapitaalbydraes op ontwikkelings van 100m² en kleiner aan ondernemings en nywerhede in die Riebeek Vallei, ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar bevestig word;

(e) Die werklike koste kapitaalbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

6.6 TWEEDE WYSIGING VAN DIE 2018/2019 MIG-PROJEKIMPLEMENTERINGS-PLAN (5/9/2/6/1)

Sedert die goedkeuring van die 2018/2019 MIG-Projekimplementeringsplan in Mei 2018 is daar ’n wysiging genoodsaak deur fondse wat tussen die goedkeurde projekte geherallokeer is.

.

Die tweede wysiging aan die plan behels die verhoging van die MIG-toekenning met R4 mijoen vanaf R20 945 000,00 na R24 945 000,00. Die verslag bevat die detail van die reeds goedgekeurde projekte waaraan die addisionele R4 miljoen toegeken is.

6.6/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die 2018/2019 MIG-toekenning vir Swartland Munisipaliteit, synde R20 945 000.00 met R4 miljoen vermeerder het na R24 945 000.00;

(b) Dat, ten einde die MIG-projekte suksesvol te implementeer 'n herallokering van fondse tussen die MIG-projekte gedoen moet word en dat die 2018/2019 MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word;

(c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die gewysigde MIG-projek-implementeringsplan vir die 2018/2019 finansiële jaar goedgekeur word:

Nr	Project	Budget
1	Rehabilitate Water Networks *(WC1287/W/14/17)*	R 2 587 033.00
2	Malmesbury De Hoop: New Reservoir *(WC/1649/W/16/19)*	R 11 079 038.00
3	Malmesbury De Hoop: External Sewer *(WC/1650/S/16/20)*	R 6 222 816.00
4	New Sports Grounds: Chatsworth *(WC1605/CF/16/18*)	R 2 852 895.00
5	Upgrade Moorreesburg WWTW *(WC1710S/17/122)*	R 2 203 218.00
	Total	**R 24 945 000.00**

(d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beskikbaar gestel word.

6.7 VIERDE WYSIGING VAN DIE 2018/2019 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die Raad het 'n Spesiale Aansuiweringsbegroting op 25 April 2019 goedgekeur en noodsaak dit die wysiging van die SDBIP.

Die gewysigde SDBIP is apart tot die sakelys gesirkuleer vir toekomstige verwysing.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Mei 2019)

Dat die vierde wysiging van die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2018/2019 finansiële jaar in terme van artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

6.8 WYSIGING VAN KPI's EN TEIKENS VIR 2019/2020 (2/4/2)

Die *Municipal Planning and Performance Management Regulations, 2001* bepaal die wetgewende vereistes ten opsigte van die hersiening van KPI's en teikens. Regulasie 11(2) van vermelde Regulasies bepaal dat, wanneer 'n munisipaliteit sy GOP ingevolge artikel 34 van die Stelselswet wysig, die munisipaliteit daardie KPI's en teikens moet hersien wat deur sodanige wysiging geraak word.

BESLUIT

Dat die aangehegte wysiging van sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens goedgekeur word.

6.9 VOORLEGGING VAN (1) KONSEP WATER- EN SANITASIEDIENSTE WYSIGINGSVERORDENING, (2) KONSEP VERORDENING INSAKE DIE INSTALLASIE VAN TELEKOMMUNIKASIE-INFRASTRUKTUUR (1/1)

Ten opsigte van die Water- en Sanitasiedienste Wysigingsverordening:
Die doel van die wysiging van die Verordening is om die omstandighede vir en vasstelling van waterbeperkings meer duidelik uiteen te sit, en om spesifiek voorsiening te maak dat die nie-nakoming van hierdie bepalings aanleiding kan gee tot 'n misdryf.

6.9/...

Ten opsigte van die Verordening insake die Installasie van Telekommunikasie-infrastruktuur

Die Wet op Elektroniese Kommunikasie 2005 (Wet 36 van 2005), verleen uitgebreide bevoegdhede aan die sogenaamde elektroniese kommunikasienetwerkdiens-lisensiehouers.

Die Grondwetlike Hof het egter bevind dat alhoewel daar aan die lisensiehouers sekere magte ingevolge nasionale wetgewing verleen word, daar ook aan munisipale verordeninge voldoen moet word.

Die doel van hierdie verordening is dus om voorsiening te maak vir meganismes om die installasie van elektroniesekommunikasiefasiliteite wat 'n effek op die Munisipaliteit se eie dienste-infrastruktuur kan hê te reguleer en te bestuur.

Die konsep verordeninge is met die sakelys gesirkuleer vir voorlegging aan die Raad op 30 Mei 2019.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordeninge op 30 Mei 2019 aan die Raad voorgelê word vir beginselgoedkeuring:
- Swartland Munisipaliteit: Water- en Sanitasiedienste Wysigings-verordening
- Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Installasie van Telekommunikasie-infrastruktuur

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordeninge vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

6.10 VOORGESTELDE HULPTOEKENNINGSBELEID (12/2/5/5-9/2)

Die beleid is opgestel ter voldoening aan artikel 67 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) wat bepalings bevat ten opsigte van die oordrag van fondse van die munisipaliteit na 'n organisasie of liggaam buite enige regeringsfeer.

BESLUIT

Dat die konsep Hulptoekenningsbeleid goedgekeur word vir implementering met ingang vanaf 1 Julie 2019, om jaarliks hersien te word as deel van die hersiening van die begroting en begrotingsverwante beleide.

6.11 AANWYS VAN RAADSLEDE AS KOMMISSARISSE VAN EDE (3/B)

Die konsep beleid insake die Aanwys van Raadslede as Kommissarisse van Ede is tydens 'n Portefeuljekomiteevergadering gehou op 10 April 2019 aan raadslede bekend gestel. Raadslede is versoek om kommentaar op die konsep beleid in te dien teen nie later nie as 30 April 2019.

Geen kommentaar is ontvang nie, en die konsep beleid kan derhalwe aan die Raad op 30 Mei 2019 voorgelê word vir aanvaarding.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte Beleid insake die Optrede van Munisipale Raadslede in hul hoedanigheid as Kommissarisse van Ede met onmiddellike effek deur die Raad goedgekeur word;

(b) Dat elke raadslid 'n ooreenkoms sal onderteken wat bevestig dat daar onderneem word om

6.11(b)/...

t.o.v. alle raadslede:

(i) die verantwoordelikhede ingevolge die Beleid na te kom;

t.o.v. wyksraadslede:

(ii) die stempel op eie koste te vervang indien dit sou gebeur dat die stempel verlore is;

(iii) ingevolge paragraaf 12 van die Beleid die stempel terug te besorg;

(c) Dat wyksraadslede in kennis gestel sal word wanneer die stempels gereed is om afgehaal te word, maar dat daar vir die interim – ook vir die res van die raadslede – van die stempels by die munisipale hoofkantoor en kantoor van die burgemeester gebruik gemaak word.

6.12 HERSIENING VAN KOMMUNIKASIESTRATEGIE- EN VERWANTE BELEIDE (6/2/2/B)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig in die verslag tot die sakelys dat daar voldoen is aan die vereiste jaarlikse hersiening van die Kommunikasiestrategie en verwante beleide. Daar word geen wysigings benodig nie, behalwe dat verwysings na die voormalige Direkteur: Ontwikkelingsdienste bygewerk word met me J S Krieger, synde die nuwe Direkteur: Ontwikkelingsdienste met ingang van 1 Mei 2019.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die beleide met betrekking tot Kommunikasie, Publieke Deelname en Sosiale Media nagegaan is maar geen hersiening vereis nie;

(b) Dat die 2017-2022 Kommunikasiestrategie gewysig word om verwysings na die nuwe Direkteur: Ontwikkelingsdienste te akkommodeer;

(c) Dat kennis geneem word dat gemelde strategie en beleide weer gedurende Mei 2020 hersien sal word.

6.13 HERSIENING VAN DIE RAMPBESTUURSPLAN VAN SWARTLAND (17/5/B)

Die goedgekeurde Rampbestuursplan moet jaarliks hersien word om die inhoud op datum te bring met enige wysigings, onder andere, die herevaluering van risikos om die gepaardgaande risikoverminderingsplanne op te stel.

Die top risikos vir Swartland Munisipaliteit vir die 2019/2020 finansiële jaar is:
(1) Droogte
(2) Uitheemse indringerplante
(3) Onderbreking in watervoorsiening
(4) Vloede
(5) Seismiese aktiwiteite
(6) Veldbrande
(7) Dieresiektes
(8) Protesoptogte
(9) Grondbesetting

Die opgedateerde Rambestuursplan is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die 2019 hersiende rampbestuursplan asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering;

(b) Dat die 2019 hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland Munisipale area goedgekeur word met die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende seker te maak dat die inhoud altyd relevant en op datum is;

6.13/...

(c) Dat, soos deur die Rampbestuurswet voorgeskryf, 'n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Rampbestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum asook die Nasionale Rampbestuursentrum.

6.14 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: 2019 HERSIENDE BESIGHEIDKONTINUITEIT EN RAMPHERSTELPLAN (17/5/B)

Die hersiende Besigheidkontinuïteit- en Rampherstelplan vir 2019 is apart tot die sakelys gesirkuleer en wysigings behels grotendeels die opdatering van kontakbesonderhede.

Die plan maak voorsiening dat 'n noodbestuurspan saamgestel word om die oorhoofse koördinering tydens 'n rampsituasie te behartig. Die span bestaan uit:

- Die Munisipale Bestuurder
- Alle departementshoofde
- Die Bestuurder: IT
- Die Uitvoerende Burgemeester
- Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir Beskermingsdienste

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die wysigings wat aangebring is aan die Besigheidskontinuïteit- en Rampherstelplan;

(b) Dat die hersiende 2019 Swartland Besigheidskontinuïteit- en Rampherstelplan goedgekeur word.

6.15 VERSKUIWING VAN PIETER CRUYTHOFF GEDENKTEKEN, RIEBEEK KASTEEL (12/2/5/5-9/2)

Mnr Chris Murphy van *Heritage Consult* is deur die eienaar, mnr Pieter du Toit, van die Plaas 661 Kloovenburg, Riebeek Kasteel aangestel om die proses insake die verskuiwing van die Pieter Cruythoff Gedenkteken, wat op die plaas geleë is, na die museum in Riebeek Kasteel te behartig.

Alhoewel die gedenkteken nie aangeteken is in die *Swartland Heritage Rural Survey of 2014* ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) nie, omrede dit in 1961 opgerig is, kan die argument uitgemaak word dat dit ingevolge die Wet as bewarenswaardig beskou moet word.

Die aansoeker word dus geadviseer om die nodige stappe ingevolge die Wet te volg vir die verskuiwing van die Pieter Cruythoff Gedenkteken.

BESLUIT

Dat toestemming verleen word vir die verskuiwing van die Pieter Cruythoff Gedenkteken vanaf sy huidige posisie na die Riebeekvallei (De Oude Kerk) Museum, met dien verstande dat (1) 'n breedvoerige publieke deelnameproses deur die aansoeker deurloop sal word ooreenkomstig die riglyne van Wes-Kaap Erfenis; en (2) daar met die Munisipaliteit gekonsulteer sal word oor die presiese plasing van die gedenkteken op die museumgronde.

6.16 TENDER L06:18.19: VERVREEMDING VAN BESIGHEIDSEIENDOM TE MALMESBURY 12/2/B

Die Raad het op 23 Maart 2017 goedkeuring verleen vir die vervreemding van, ondere andere, Erf 3185, 'n besigheidsperseel in Malmesbury by wyse van openbare mededinging. Die reserweprys is vasgestel op R330 000,00.

Met die sluiting van die tender op 29 Maart 2019 is daar vier tenders ontvang. Drie van die tenderaars het egter op 'n latere stadium hul aanbiedinge onttrek.

6.16/...

Die suksesvolle tenderaar het ingevolge die Verkoopsooreenkoms geleentheid tot 31 Desember 2019 om 'n terreinontwikkelingsplan in te dien, insluitende bouplanne, aansigte van geboue en 'n landskaperingsplan, waarna die Munisipaliteit tot 31 Maart 2020 geleentheid het om die ontwikkelingsvoorstelle goed te keur.

BESLUIT

(a) Dat Tender L06.18.19 vir die Verkoop van 'n Besigheidsperseel, soos volg toegeken word:

	Erf 3185, Malmesbury
RESERWEPRYS	**R330 000.00**
Tenderaar	Y Adriaanse
Finansiële aanbod (BTW uitgesluit)	R350 000.00

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van Erf 3185, Malmesbury soos per voormelde skedule.

6.17 TENDER L07.18.19: VERVREEMDING VAN BESIGHEIDSEIENDOM TE ILINGE LETHU (12/2/B)

[Rdl O M Stemele verlaat die lokaal vir die bespreking van die item weens vriendskapsbande met van die tenderaars.]

Die Raad het op 23 Maart 2017 ook goedkeuring verleen vir die vervreemding van 'n verdere drie besigheidspersele, naamlik:

- Gedeelte A, gedeelte van Erf 6353, Tshwetestraat (groot ±1500 m²) met 'n reserweprys van R75 000 (nou Erf 12298);
- Gedeelte B, gedeelte van Erf 6353, Alfastraat (groot ±1500 m²) met 'n reserweprys van R75 000 (nou Erf 12299);
- Restant van erf 6353, h/v Tshwete- en Alfastraat (groot ±2439 m²) met 'n reserweprys van R122 000 (nou Erf 6353).

Met die sluiting van die tender op 29 Maart 2019 is daar 'n totaal van 10 tenders ontvang, waarvan twee aanbiedinge op 'n latere stadium onttrek is. Die voorkeur-tenderaars word in die tabel hieronder aangedui.

Die suksesvolle tenderaars het ingevolge die Verkoopsooreenkoms geleentheid tot 31 Desember 2019 om 'n terreinontwikkelingsplan in te dien, insluitende bouplanne, aansigte van geboue en 'n landskaperingsplan, waarna die Munisipaliteit tot 31 Maart 2020 geleentheid het om die ontwikkelingsvoorstelle goed te keur.

BESLUIT

(a) Dat Tender L07.18.19 vir die Verkoop van Besigheidspersele, soos volg toegeken word:

Erf nr	**12298**	**12299**	**6353**
Reserweprys	**R 75 000.00**	**R 75 000.00**	**R 122 000.00**
L Ndzongana			R 155 000.00(BTW uitgesluit)
M Nzongana		R 101 000.00(BTW uitgesluit)	
G Ntombizanele	R 127 000.00 (BTW uitgesluit)		

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van erwe 12298, 12299 en 6353, Malmesbury soos per voormelde skedule.

6.18/...

6.18 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY GHOLFKLUB (17/9/2/R)

Die bestaande huurooreenkoms met die Malmesbury Gholfklub wat vir ‘n termyn van 10 jaar is, verstryk op 30 September 2019.

‘n Versoek is vanaf die Malmesbury Gholfklub ontvang om die huurtermyn vir ‘n verdere termyn van 10 jaar te verleng.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Malmesbury Gholfklub aangegaan word vir die huur van die gholf fasiliteite te Malmesbury wat insluit gedeelte van erf 327 (groot ±35 ha), Erf 9471 (groot ±14,4 ha) en Erf 9472 (groot ±6,8 ha) vir ‘n verdere termyn van tien (10) jaar met ingang van 1 Oktober 2019;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R120,00 plus BTW per jaar;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag sal bly.

6.19 HUUROOREENKOMS: DARLING KLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die bestaande sportgronde geleë op Erf 2251, Darling (groot 35,2901 ha) aan die Darling Klub waarby die sportsoorte netbal, gymkhana, “equestrian tentpegging”, gholf, rolbal, tennis en stoei ingelyf is.

Die huurooreenkoms verstryk op 30 September 2019. ’n Versoek is vanaf die Darling Klub ontvang om die huurtermyn vir ’n verdere termyn van 10 jaar te verleng.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met Darling Klub aangegaan word vir die huur van die fasiliteite op Erf 2251, Darling vir ‘n verdere termyn van tien (10) jaar met ingang van 1 Oktober 2019;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R120,00 plus BTW per jaar;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag sal bly.

6.20 HUUROOREENKOMS: YZERFONTEIN KLINIEK (17/9/2/R)

Die Raad verhuur, met ingang van 1 Maart 2017, spasie (±21 m²) by die Yzerfontein Gemeenskapsaal aan die Departement Openbare Werke vir die aanbied van mobiele kliniekdienste.

Die huurooreenkoms verstryk op 29 Februarie 2020. ‘n Versoek is nou reeds vanaf die betrokke departement ontvang om die verlenging van die huurooreenkoms vir ‘n verdere termyn van twee jaar te oorweeg.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Departement van Openbare Werke aangegaan word vir die huur van die fasiliteite by die Yzerfontein Gemeenskapsaal vir die doeleindes van ‘n mobiele kliniek vir ‘n verdere termyn van 24 maande;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R1057,93 plus BTW per maand;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag sal bly.

6.21 UITSTAANDE DEBITEURE: APRIL 2019 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

6.21/...

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir April 2019.

6.22 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

6.23 VOORRAADOPNAME, 2019 (6/1/1)

Die jaarlikse voorrraadopname by die hoof magasyn en skryfbehoeftestoor op Malmesbury en die elektriese stoor op Moorreesburg is geskeduleer vir 25 Junie 2019.

BESLUIT

(a) Dat rdh R F van der Westhuizen (vergesel deur rdl O M Stemele of rdl P E Solomons) t.o.v. Malmesbury en rdd M van Zyl (vergesel deur rdl O M Stemele of rdl P E Solomons) t.o.v. Moorreesburg aangewys word om toesig te hou oor die voorraadopnames by die onderskeie store;

(b) Dat kennis geneem word dat die voorraadopname stiptelik om 09:00 op 25 Junie 2019 ‘n aanvang sal neem by die hoof magasyn te Malmesbury.

6.24 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: HERSTEL VAN BRANDWEERVOERTUIG, CK 35669 (GMC) (8/1/B/2)

Met die aanstelling van die nuwe Brandweerhoof, mnr Roysten Harris, en die nagaan van al die brandweervoertuie en –toerusting is aanbeveel om die GMC Brandweervoertuig (CK 35669) wat al ’n geruimte tyd buite werking is, te herstel.

Die voertuig moes egter uitmekaar gehaal word om die foute op te spoor ten einde ’n kwotasie te voorsien. Die proses om ’n diensverskaffer te verkry is verder bemoeilik deurdat dit reeds ’n ou voertuig is, en was Graanland Ingenieursdienste bereid om die werk te doen ten einde ’n kwotasie voor te berei.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder derhalwe gekondoneer word om slegs een kwotasie te oorweeg met die dringende herstelwerk van die brandweervoertuig, CK 35669, aangesien dit onprakties was om die mark te toets gegewe die feit dat die diensverskaffer eers voertuig moet ‘strip’ om te kwoteer;

(c) Dat kennis geneem word dat die uitgawe R46 738.48 (BTW ingesluit) beloop wat teen posnommer 9/232-1253-668 gefinansier is;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

6.25 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE VERVANGING VAN UPS 8/1/B/2)

Die rekenaarkamer beskik oor ‘n 15kVA UPS wat konstante elektrisiteitsvoorsiening aan alle inligting-, kommunikasie- en tegnologiedienste (ICT-dienste) verseker, ook in die geval waar daar kragonderbrekings is.

Die UPS het op Maandag, 8 April 2019 onklaar geraak en het die maatskappy, *Emerald*, wat aangestel is om instandhouding aan die UPS-toerusting te verrig, bevestig dat die eenheid vervang moet word. *Emerald* was in staat om 'n versoenbare UPS te lewer en 'n kwotasie is bekom vir die onmiddellike voorsiening, aflewering en inbedryfstelling van die eenheid. Daar is wel met drie ander maatskappye geskakel om ‘n kwotasie te bekom, maar kon die maatskappye nie op kort kennisgewing ‘n versoenbare UPS beskikbaar stel nie.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om nie tenders in te win nie, maar die kwotasie vir die aankoop van die UPS vanaf die firma, *Emerald*, te aanvaar ten bedrae van R91 717,05 (BTW uitgesluit);

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse om ‘n noodsituasie te voorkom, soos volg aangeteken word:
   (i) Die risiko, dat in die geval van ’n onderbreking in elektrisiteitsvoorsiening, wat heel waarskynlik was as gevolg van die instelling van beurtkrag deur Eskom, alle inligting-, kommunikasie- en tegnologiedienste (ICT-dienste) in gevaar sou wees;
   (ii) Die risiko, dat in die geval van ’n onverwagte kragonderbreking in die afwesigheid van ‘n UPS, skade aan ICT-toerusing kon lei tot bedorwe data;
   (iii) Die moontlike risiko dat alle munisipale ICT-dienste kon faal word as ’n noodgeval beskou;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R91 717,05 (BTW uitgesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/118-40-731;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER